

Epistemologiese oorwegings by die Neo-Calvinistiese afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

J.A. Schlebusch

J.A. Schlebusch, Departement Sistematiese en Historiese Teologie, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Die wysiging van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aan die begin van die twintigste eeu onder leiding van die Neo-Calvinistiese teoloog Abraham Kuyper en Herman Bavinck geniet wydverspreide waardering binne die Gereformeerde tradisie. Neo-Calviniste het daarin geslaag om die 1905-Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland te oortuig om die omstrede frase aangaande die owerheid se plig “om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, [en] om die ryk van die Antichris te gronde te rig” uit hierdie artikel te verwyder. Kerke van Gereformeerde belydenis in beide die VSA en Suid-Afrika het gevolglik ook in dieselfde gees wysigings aan hierdie artikel aangebring. Binne die bestaande literatuur word klem gelê op die Neo-Calvinistiese hermeneutiese raamwerk as bekragtiging van hierdie afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hierdie bydrae beklemtoon egter dat bestaande interpretasies in hierdie verband onvoldoende is, en bevraagteken veral die neiging om die leer van Twee-Koninkryke aan Bavinck of Kuyper toe te skryf. Aangesien beide enige skeiding tussen gesag in die kerklike en politieke lewe ten sterkste afwys, bepleit hierdie artikel ’n hernude waardering van Kuyper en Bavinck se epistemologie as deurslaggewend vir hul afwysing van die teokrasie. Aan die hand van die primêre bronne, word die Neo-Calvinistiese kennisleer, en met name dan die belangrike onderskeid tussen “geloofskennis” en “natuurlike kennis”, beklemtoon as die raamwerk waarbinne die noodsaak van pluralisme in die openbare sfeer deur Kuyper en Bavinck benadruk is. Eersgenoemde word normatief geag vir die kerklike en persoonlike lewe van die gelowige, terwyl laasgenoemde, bemiddel deur die algemene genade, beklemtoon word as normatief vir die openbare lewe asook beide gelowiges en ongelowiges se deelname daaraan. Nogtans word die leer aangaande die heerskappy van Christus oor elke faset van die lewe, ook die sosio-politieke sfeer, deurgaans gehandhaaf.

Trefwoorde: Bavinck, Herman; epistemologie; Kuyper, Abraham; Nederlandse Geloofsbelydenis; Neo-Calvinisme; pluralisme; teokrasie

Abstract**The epistemic considerations underlying the Neo-Calvinist rejection of the theocratic constituent of article 36 of the Belgic Confession of Faith**

By virtue of the endeavours of leading Neo-Calvinist theologians such as Abraham Kuyper and Herman Bavinck, the Synod of Reformed Churches in the Netherlands accepted a revision of article 36 of the Belgic Confession of Faith in 1905. Neo-Calvinists convinced the synod to remove a controversial phrase in the article which stated that it was the duty of civil magistrates “to remove and destroy all idolatry and false worship of the Antichrist”. Whereas this article of the confession had historically been understood as demanding Christian theocracy, Neo-Calvinists, by virtue of this historic revision, reframed it as proposing a Christianised pluralism in the public or political domain. This Neo-Calvinist contribution has enjoyed broad scholarly recognition and appreciation within the Reformed tradition, and synods in South Africa, Canada and the United States have also followed suit by accepting similar revisions.

The existing scholarship places great emphasis on the Neo-Calvinist hermeneutic framework as sanctioning this rejection of the theocratic constituent of article 36 of the Belgic Confession. Many scholars attribute this to Kuyper’s and Bavinck’s supposed adherence to a form of Two-Kingdom theology, wherein particular grace revealed through Scripture operates as sanctifying force in the church, whereas natural law is the authoritative operating principle in the public or political domain. However, even the most ardent proponents of the Two-Kingdom interpretation have been forced to admit that Kuyper’s and Bavinck’s views in this regard are characterised by a number of ambiguities, which have in turn manifested in a variety of contradicting interpretations thereof. Kuyper himself, after all, strongly emphasises the active Lordship of Christ over every domain of human existence while Bavinck even distinctly rejects any Two-Kingdoms doctrine which threatens to disregard the intrinsic connection between nature and grace or creation and redemption. Furthermore, on a number of occasions throughout his career Bavinck expressed the conviction that Old Testament law remains perpetually normative for all civil governments.

In the light of the primary sources, this article therefore shows existing interpretations to be insufficient and critiques the tendency to attribute a Two-Kingdom theology to either Kuyper or Bavinck. In the light of the fact that these Neo-Calvinist pioneers so vehemently rejected any dichotomy between the nature of authority in the ecclesiastical sphere on the one hand and the socio-political sphere on the other, I propose a renewed appraisal of their epistemology as fundamentally underlying their rejection of theocracy.

Neo-Calvinist epistemology was distinctly characterised by a sharp distinction between “natural knowledge” and “the knowledge of faith”, which shaped the theological framework by which Kuyper and Bavinck advocated pluralism in the public domain. Bavinck ranks natural knowledge above the knowledge of faith in terms of objective evidence. He bases this in the Kantian distinction between the object of knowledge external to human consciousness and the representation thereof within consciousness itself. Even if God, the object of the knowledge of faith, is infinite, theological knowledge is still limited by conscious representation in a way that natural knowledge is not. For Bavinck this has profound implications for both the calling of the civil government as well as the role of religion in the public domain, since the distinction between true and false religion can only be subjectively revealed to the individual through the

inworking of the Holy Spirit and can therefore never serve as objective normative framework for civil government.

Kuyper goes even further in distancing himself from the traditional position of orthodox Calvinism in which the light of Scripture is regarded as necessary framework of interpretation for the light of nature. Kuyper turns this around, arguing that the *revelatio specialis* cannot be understood apart from the framework provided by the *theologia naturalis*. Like Bavinck, he also regards natural revelation as taking evidential precedence in human consciousness. Thus, in addition to the orthodox Calvinist distinction between the unregenerate life of sin and the regenerate life of grace, Kuyper invents a third category: life through common grace. It is by means of common grace that socio-political life and its institutions are to be maintained. He sees the church as an institution of special or particular grace while the state is an institution of common grace. The civil requirement of an independent judiciary, for Kuyper, necessitates establishing and maintaining the civil sphere through common as opposed to particular grace.

The Neo-Calvinist rejection of the theocratic component of article 36 of the Belgic Confession therefore needs to be understood in the light of the epistemic precedence of natural knowledge over the knowledge of faith. Dutch Reformed critics of the Neo-Calvinist position, such as Philippus Jakobus Hoedemaker (1839–1910), also argued that the Neo-Calvinist position effectuates a false dichotomy between natural and revealed knowledge, while epistemologically speaking, there can be no contradictions between natural and special revelation. Whereas Hoedemaker views human consciousness as only emerging within the context of given and revealed realities outside that consciousness, Kuyper and Bavinck emphasise natural knowledge as unmediated common ground between believers and unbelievers in contrast to the mediated knowledge of faith. Indeed, this distinctly Neo-Calvinist dichotomy was central to their rejection of theocracy.

Both Kuyper and Bavinck therefore maintain that natural knowledge, acquired within the framework of common grace, is more epistemically certain, objective and universally evident than the knowledge of faith. The former is therefore normative for the public or political life of both believers and unbelievers alike. While participation in the public domain ought to be shaped in terms of this natural knowledge, the Lordship of Christ over every facet of life, including the socio-political domain, is maintained by both Kuyper and Bavinck throughout. In contradistinction to Two-Kingdom theology, however, they also maintain that particular grace and special revelation ought to have a sanctifying effect on public life by which common grace can be guided to its highest and truest development. This sanctifying effect must be limited, however. This is because they view the nature of human society as such that it would be inappropriate to maintain Biblical revelation as the ultimate standard for public life to the degree that other religious convictions would thereby be excluded, since the distinction between true and false religion can only be subjectively and not objectively determined. In the Neo-Calvinist view this would not only be epistemically problematic but also constitute a form of government tyranny.

Keywords: Bavinck, Herman; Belgic Confession; epistemology; Kuyper, Abraham; Neo-Calvinism; pluralism; theocracy

1. Inleiding

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, een van die belangrikste belydenisskrifte in die Nederlandse (en dus ook Suid-Afrikaanse) Gereformeerde tradisie, is tereg deur die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse sistematiese teoloog Willie Jonker (1994:83) beskryf as een van hierdie belydenisskrif se “mees omstrede artikels”. Die rede hiervoor is met name die betrokke artikel se verwysing na die plig van owerhede om nie net die Christelike godsdiens te beskerm nie, maar ook “om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder” (de Brès 1850:art. 36).¹ Hierdie frase het veral sedert die laat negentiende eeu opspraak gemaak na aanleiding van ’n groep Neo-Calvinistiese teoloë onder leiding van Abraham Kuyper (1837–1920) en Herman Bavinck (1854–1921)² se beswaarskrif aangaande die artikel gerig aan die Gereformeerde Kerken in Nederland se Sinode van 1896. Hierin het hulle ’n oproep aan die sinode gedoen om die artikel te wysig (Kuipers 2011:603). Klem is onder andere geplaas op die feit dat die belydenisskrif ’n historiese dokument is wat op historiese wyse verstaan behoort te word (Fourie 2006:159). Die frase “om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig” is dan ook gevolglik uiteindelik in 1905 deur die sinode uit die aanvaarde teks van die belydenisskrif verwyder (*ibid.*).

Kuyper se bydrae tot die wysiging van die betrokke artikel geniet wye erkenning en waardering, ook onder Suid-Afrikaanse Gereformeerde teoloë (sien bv. Strauss 1985:172; Vorster 1993:312–3; Fourie 2006:170). Die Gereformeerde Kerken in Nederland was gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu die belangrikste voedingsbron vir die Calvinisme in Suid-Afrika (Fourie 2006:159). In 1979 het die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dan ook ’n wysiging aan die Afrikaanse vertaling van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aanvaar, waarvolgens die uitroei van valse godsdiens nie die plig van die owerheid sou wees nie, maar slegs die gevolg van die owerheid se uitoefening van sy plig om die Woordbediening te beskerm (*ibid.* 160). Ook in die VSA en Kanada het verskeie Gereformeerde Kerkverbande via sinodale besluite soortgelyke wysigings aan die artikel aanvaar (VanDrunen 2010:306). Die Neo-Calvinistiese hermeneutiese raamwerk wat hierdie wysiging bekragtig het, word dan ook verklaar as een waar klem geplaas word daarop dat die vervolging van kettters, soos gebied word deur Ou-Testamentiese wette, nie vanuit die Nuwe Testament geregverdig kan word nie (Vorster 1993:312–3; Fourie 2006:160). Verder word klem ook gelê op die leer van die Twee Koninkryke, dit is waar besondere genade die leidende faktor is binne die Kerk as liggaam van Christus, maar algemene genade soos gemanifesteer in die natuurreg in die openbare sfeer toonaangewend is (VanDrunen 2010:306–7; Larson 2015:16).

Eersgenoemde aspek van hierdie verklaring behoort egter gekwalifiseer te word in die lig van Kuyper (1880:90–1) se eie oortuiging dat die “owerheid moet optreden als handhaafster van Gods Wet”, wat vir hom onder andere behels dat die owerheid moet toesien dat die vierde gebod aangaande Sabbatsheiliging in die openbare lewe gehandhaaf word. Hy voer verder aan dat “de onveranderlijke beginselen ... van Gods wet” normatief behoort te wees vir die owerheid as sedelike rigsnoer (Kuyper 1889:45). Die sentiment dat die owerheid se verpligting om God se Wet te handhaaf op sigself deur die Nuwe Testament afgeskaf is, kan beswaarlik uit Kuyper se eie werke afgelei word. By Bavinck is die klem op die normatiewe karakter van die goddelike wet selfs nog sterker. Hy beklemtoon dat daar vir die mens geen alternatiewe buiten “teonomie”³ of “autonomie” bestaan nie, en dat die wet van God alleen die nodige raamwerk verskaf wat aan elke “schepsel zijne rechte plaats verleent en zijne ware betekenis

schenkt” (Bavinck 1897:309). Hy meen dat die owerheid selfs ’n roeping het in terme van die handhawing van die Christelike godsdienste, en

daarom werd in alle landen der Reformatie ééne belijdenis verheven tot godsdienst van de staat. De belijders van andere religies werden of gebannen of geduld, maar van gelijke rechten was er geen sprake ... Aan de dwaling gelijke rechten toe te kennen als aan de waarheid, niet in de kerk natuurlijk maar in de maatschappij, kwam schier niemand in de gedachte. Immers, de waarheid mocht ook op het gebied van den staat zichzelf niet verloochenen, zij moest ook daar zich laten gelden voor wat zij is, d.i. voor de waarheid, die exclusief is teenover alle dwaling. Het absoluut karakter der waarheid eischte erkenning en sloot op elk gebied des levens de neutraliteit, het indifferentisme uit. (Bavinck 1888:36–7)

Die tweede aspek van die Neo-Calvinistiese hermeneutiese raamwerk wat in die literatuur beklemtoon word, verdien ook verdere toeligting. Terwyl dit waar is dat Kuyper die natuurreg as normatief vir die openbare lewe geag het, moet selfs die mees vooraanstaande aanhangers van die Twee-Koninkryke-interpretasie, soos David VanDrunen, sistematiese teoloog verbonde aan die Westminster Seminary California, die realiteit van “certain ambiguous aspects of his thought [in this regard] that have, indeed, been taken in a quite different direction by many of his followers” erken (VanDrunen 2010:290). VanDrunen self verklaar dat Kuyper eerder na die skeppingsorde as die heilshistoriese openbaring van die Skrif gekyk het as normatief vir die kulturele en politieke lewe (*ibid.*). Nogtans kan dit moeilik ontken word dat Kuyper (1880:35) se bekende uitspraak: “geen duimbreed is er op heel ’t erf van ons menschelijk leven, waarvan de Christus, die aller Souverein is, niet roept: ‘Mijn!’” daadwerklike heilsimplikasies vir die sosiale en politieke lewe het. Kuyper verduidelik immers dat “die mens-Messias optrad, met macht in den hemel; met macht over de natuur ... [met] volstreekte Souvereiniteit, gaande over alle zichtbare en onzichtbare dingen” (*ibid.* 10). Bavinck (1913:115–6) beklemtoon op sy beurt ook dat God “als Herschepper wandelt in het spoor, die Hij als Schepper, Onderhouder en Regeerder aller dingen getrokken heeft. De genade is iets anders en hoogers dan de natuur, maar zij sluit zich toch bij de natuur aan, en vernietigt ze niet doch hersteld ze”. Dus, wanneer daar sprake is van die natuurreg as normatiewe maatstaf in die Neo-Calvinisme, moet dit altyd verstaan word binne die konteks van die Calvinisme se leer aangaande die verdorwenheid van die mens en die mens se gevolglike onvermoë tot goeie werke by wyse van die onderhouing van die natuurreg (Bolt 2013:73).

Volgens VanDrunen (2007:283–4) sou Kuyper egter meen dat Christus as Verlosser sy *geestelike koninkryk* regeer, terwyl Christus daarteenoor as Skepper en Onderhouer die openbare en politieke sfeer as *natuurlike koninkryk* regeer. Maar Kuyper self betoog teen enige skeiding tussen die kerklike of geestelike lewe en die res van ons menslike bestaan as ongeoorloof en erken die bestaan van net “twee rijken ... een rijk van satan ... en het Koninkrijk van Christus” (Kuyper 1911:v, 501). Ook sy bekende idee van soewereiniteit in eie kring⁴ is deur Kuyper geformuleer as erkenning van die bestaansreg van elke lewenskring asook elke lewenskring se pligte teenoor Christus as Heerser oor elke faset van die lewe – in teenstelling met die idee dat enige lewenskring sy bestaansreg en gesag van die staat sou aflei of neutraal ten opsigte van die heerskappy van Christus sou staan (Kuyper 1880:12–3).

Emeritus professor in sistematiese teologie aan die Calvin Theological Seminary, John Bolt, plaas Bavinck ook “clearly in the ... two kingdoms camp” (Bolt 2013:90). Bavinck polemiseer egter nadruklik teen die Twee-Koninkryke-leer wanneer hy dit beskryf as een waar “de scheiding

tussen het geestelijke en het wereldlijke, tussen het hemelsche en het aardsche ... zoo scherp doorgetrokken [wordt] en in twee hemisphaeria ingedeeld, dat het verband van natuur en genade, van schepping en herschepping geheel wordt miskend” (Bavinck 1897:534). Hierteenover erken die Calvinisme die “onderscheiding van het beeld Gods in ruimer en enger zin het verband van substantie en qualiteit, van natuur en genade, van schepping en herschepping het zuiverst handhaafd” (*ibid.* 535). Dit behels onder andere vir Bavinck dat soos die sonde die mens aantast in elke aspek van sy wese, so herstel die genade van Christus elke aspek van menswees, ook wat betref die mens se lewe en arbeid in die konteks van die samelewing, die politiek, die wetenskap en kuns (*ibid.* 535). Ook die Ou-Testamentiese wetgewing dien steeds as uiteindelijke normatiewe rigsgoer vir die owerheid:

De oude bedeeing maakt in de volheid des tijds voor eene nieuwe plaats, het wezen blijft, maar de vormen veranderen. Nu het lichaam gekomen is verdwenen de schaduwen. De wet wordt niet eenvoudig afgeschaft en terzijde gelegd maar ze wordt in en door Christus vervuld, en heeft daarmede haar einde bereikt. Het N. Testament bevat daarom geene wetgeving meer, die zoo maar door den Staat kan overgenomen en met gezag kan worden opgelegd. Maar uit de Oudtest. wet worden die eeuwige beginselen afgeleid, welke alleen het bestaan en de welvaart van huisgezin, maatschappij en staat kunnen waarborgen. (Bavinck 1892:5)

Dit kom daarom neer op ’n waninterpretasie en anakronisme om aan die vaders van die Neo-Calvinisme ’n Twee-Koninkryke-leer toe te skryf as filosofies-teologiese begroning vir die idee van die natuurlike openbaring as, in teenstelling met die besondere openbaring in die Skrif, normatief vir die openbare lewe as sogenaamde tweede natuurlike koninkryk naas of in teenstelling met die geestelike koninkryk van Christus. Verder is dit uit die primêre bronne duidelik dat die Neo-Calvinisme geen hermeneutiese raamwerk waarbinne die normatiewe karakter van die Ou-Testamentiese Wet – ook vir die burgerlike regering – as uitgedien beskou word, voorgestaan het nie.

In die lig hiervan beoog hierdie artikel om op ’n dieper, epistemologiese vlak ondersoek in te stel aangaande die Neo-Calvinistiese afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis op grond van die natuurreg oftewel natuurlike openbaring. By wyse van die primêre bronne sal ondersoek ingestel word na hoe die vaders van die Neo-Calvinisme, Abraham Kuyper en Herman Bavinck, hul verstaan van die natuurreg kon harmoniseer met hul oortuiging dat Christus se heerskappy as soewereine Koning strek oor elke faset van die lewe en duimbreedte van die skepping.⁵ Vir hierdie doel word daar eerstens gefokus op die historiese konteks waarbinne artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis ontstaan het, waarna die klem sal verskuif na hoe hierdie artikel deur die Neo-Calvinisme ontvang en gelees is. Met die doel om hul standpunt epistemologies te belig, word daar uiteindelik gekyk na Kuyper en Bavinck se verstaan van die aard en gesag van die natuurlike openbaring en die rol wat dit gespeel het in hul afwysing van die betrokke artikel se teokratiese inslag.

2. Die ontstaan en oorspronklike verstaan van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in historiese konteks

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is opgestel in 1561, toe die Spaanse Ryk onder koning Philip II regeer het oor die gebied wat later bekend sou word as Nederland, België en Luxemburg. Hierdie streek, bestaande uit 17 provinsies, het sedert 1556 as die “Spaanse Nederlande” bekendgestaan nadat dit onder die heerskappy van die Spaanse vleuel van die Habsburg-koningshuis gekom het. Die doel van die belydenisskrif was om die Spaanse owerhede te oortuig dat die Gereformeerdes in hierdie area nie rebelle teen gesag is nie, maar owerhede erken as verordineer deur God en niks anders as die Christelike leer aanhang nie (Breshears 2017:57). Gegewe die historiese konteks, met name die stryd van Gereformeerdes vir die reg om hul godsdiens uit te oefen vry van vervolging, sou die insluiting van artikel 36 in hierdie geloofsbelydenis dus met die eerste oogopslag vreemd voorkom. Dit kan egter belig word aan die hand van ’n brief wat in 1588, enkele jare na die opstel van hierdie belydenisskrif, deur die Gereformeerde Kerke in die Spaanse Nederlande aan koningin Elizabeth I van Engeland en Ierland gerig is. Hierin word ’n beroep op haar gedoen om in te tree vir die Gereformeerdes onder Spaanse heerskappy. Sy word onder andere gevra om die “vrije uitoefening van ... de zuivere gereformeerde religie” te verseker, maar dan nadruklik “met uitsluiting van alle andere valse oefening op eniger wijze” en verder ook “zonder wederoprichting van de pauselijke of andere toe te laten” (Bor 1681:262, 265).

Tydens die Sinode van Dordrecht (1618–19), waar hierdie belydenisskrif amptelik deur die Nederlandse kerke aanvaar is, is daar gedurende die 177ste sitting besluit om ’n versoek te rig aan die owerheid waarin geëis word dat “tegen de uitoefening van de paapse afgoderij en het bijgeloof strengere wetten mogen worden gemaakt ... [en] dat ook meteen acht genomen worde op de lastering van de Joden” (Glasius 1860:948).

Na afloop van die amptelike aanvaarding van hierdie belydenisskrif, werp ’n belangrike getuie uit die tydperk van die Nadere Reformasie verdere lig op die historiese verstaan van hierdie betrokke artikel. Wilhelmus à Brakel (1635–1711) skryf in sy mees invloedryke en wydgelese werk, *Redelijke godsdienst*, by sy behandeling van hierdie artikel die volgende:

Het komt de owerheden toe niet alleen een beschermer te zijn van de tweede tafel van de wet, maar ook van de eerste. Het komt hun toe, God te doen eren, alle afgoderij, alle beeldendienst en alle valse godsdienst niet te dulden onder hun gebied, maar die uit te roeien. (à Brakel 1985:701)

Uit die historiese konteks waarbinne artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis ontstaan het, is dit dus duidelik dat Gereformeerdes nie godsdiensvryheid as sulks as die logiese gevolg van die vergunning van die vryheid om wat hulle beskou het as die ware godsdiens te beoefen, beskou het nie. De Brès self het ook nie sy pleidooi aan die Spaanse koning in verband met die vervolging van Gereformeerde Christene beskou as teenstrydig met sy oortuiging dat die owerheid voor God die plig het om “alle afgodery en valse godsdiens” te verban nie. Verder is die streng teokratiese inslag van hierdie betrokke artikel ook tydens en na afloop van die Sinode van Dordrecht gedurende die Nadere Reformasie bevestig.

3. Die ontvangs van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis binne die Neo-Calvinisme

Die Neo-Calvinisme as beweging het in die laat negentiende eeu ontstaan vanuit die Nederlandse Réveil-beweging asook die *Afgescheidenen*. Hierdie twee groepe het die behoudende vleuel van die Nederlandse Calvinisme gedurende die negentiende eeu verteenwoordig (Bratt 1984:14). Die *Afgescheidenen* het in 1834 weggebreek van die Nederlandse Hervormde Kerk toe liberale teoloë binne hierdie kerkverband 'n kritiese standpunt ten opsigte van die Gereformeerde belydenisskrifte ingeneem het (Van Dyke 1975:18–9). Die Réveil-beweging het gedurende dieselfde tyd ontstaan en het die middeweg tussen die *Afgescheidenen* en die liberale vleuel van die Nederlandse Hervormde Kerk verteenwoordig. Terwyl lede van hierdie beweging met die teologiese konserwatisme van die *Afgescheidenen* gesimpatiseer het, het hulle verkies om binne die gevestigde kerklike struktuur te bly (Janse 2012:181). Hierdie beweging, wat die politieke en sosiale implikasies van godsdienstige beginsels beklemtoon het, kan dan ook beskou word as die historiese voorloper van die Anti-Revolutionêre Party, wat deur Abraham Kuyper in 1879 gestig is (*ibid.* 169).

Alhoewel Kuyper ook aanvanklik die Nederlandse Hervormde Kerk van binne af wou hervorm, sou hy self met die Nederlandse Hervormde Kerk breek in 1886 nadat hy deur die klassis van Amsterdam in sy amp as ouderling gestuit is (Krabbendam 2006:110). In 1892 het dolerende of beswaarde gemeentes in Nederland, wat onder die vaandel Nederduits Gereformeerde Kerk (Dolerende) bekendgestaan het, met *Afgescheidene* gemeentes, waartoe Bavinck ook behoort het, saamgesmelt om die Gereformeerde Kerken in Nederland te vorm (Van der Belt 2017:45). Dit was dus binne die konteks van hierdie nuwe kerkverband dat die Neo-Calvinisme, asook die gepaardgaande poging om artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te wysig, verstaan behoort te word.

Reeds in 1873 skryf Kuyper dat alhoewel hy, wat betref die beginsels van artikel 36, dit volkome eens is met sy Gereformeerde voorgangers, hy nogtans 'n nuwe benadering tot hierdie beginsel bepleit:

Blijkt nu dat het Evangelie niet beter kan bevorderd, noch de valsche godsdienst krachtiger tegengestaan dan door volkomen godsdienstvrijheid, dan volvoert de Staat den plicht hem in dit artikel opgelegd juist niet, zou hij doet, wat naar inzicht van vroegere dagen als plicht voor hem gold. (Kuyper 1873:25)

Later, in 1879, sou Kuyper hom egter sterker teen hierdie belydenis se teokratiese inslag uitspreek:

Zonder verbloeming of poging om den aftocht te dekken, breken we dus in dit opzicht met de gebrekkige staatstheorie onzer politieke vaders; keuren af wat zij krachtens die verkeerde theorie, in strijd met hun eigen beginsel, te Genève, in Engeland, en ten deele ook hier te lande bedreven hebben; en aanvaarden, voor wat ons aangaat, met ernst en uit volle oortuiging in concreto dit andere beginsel: Van Staatswege niets minder maar ook niets meer dan vrijheid voor de ontwikkeling van geloof. (Kuyper 1879:79–80)

Bavinck, as hoofouteur van *Advies inzake het Gravamen tegen Artikel XXXVI der Belydenis* wat in 1905 by die Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland voorgelê is, skryf dan ook dat

God nergens in Zijn Woord beloofd heeft, dat Hij aan de Overheid een bijzondere leiding Zijns Geestes schenken zou om onderscheid te kunnen maken tusschen de zuivere en de valsche Kerk, tusschen het ware geloof en de ketterij. Onder de Oud-Testamentische bedeeing kon de Overheid bij elk voorkomend geval door Urim en Thummim of door de profetie Gods wil vernemen, maar deze bijzondere openbaring Gods viel onder het Nieuwe Testament weg. (Bavinck e.a. 1905:29)

Volgens die Neo-Calvinistiese hermeneutiek laat die besondere openbaring van God in sy Woord dus geen ruimte vir die owerheid om te onderskei tussen ware en valse godsdiens nie. Die kerk as *ecclesia invisibilis*, d.i. die somtotaal van gelowiges in Christus, word dan sterk onderskei van die *ecclesia visibilis*, d.i. die kerk as sigbare instelling. Die onsigbare kerk word vervolgens bevat in al die samelewingsverbande, met een van daardie samelewingsverbande wat dan die sigbare kerk of kerk as instituut is (Kuyper 1894:191–2).⁶ Hiervoor beroep Kuyper hom ook op ’n kenmerkend Kantiaanse onderskeid tussen die *noumena* (die essensie van iets) en die *phenomena* (die sigbare verskyning daarvan), en beskuldig diegene wat hierdie onderskeid sou misken as nominaliste wat bloot sigbare manifestasies van die kerk as sodanig erken (*ibid.* 205).⁷

In die lig van die Neo-Calvinistiese beginsel dat Christus se heerskappy geld oor elke faset van die lewe, insluitend die politieke sfeer, laat dit egter die vraag watter rigsnoer die owerheid, as instelling van God, dan behoort te gebruik as normatiewe raamwerk vir die openbare sfeer. Hierdie vraag kan beantwoord word deur te kyk na die epistemologiese raamwerk wat die Neo-Calvinistiese staatsleer bekragtig het.

4. Die Neo-Calvinistiese epistemologie en artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Wanneer Bavinck sy epistemologie uiteensit in sy *Gereformeerde Dogmatiek*, tref hy ’n skerp onderskeid tussen geloofskennis en wetenskaplike of natuurlike kennis. Geloofskennis is gebaseer op interne godsdienstige ervaring wat afhanklik is van “eene zekere zedelijke gesteldheid” eerder as van suiwer intellektuele bewyse (Bavinck 1895:465). Natuurlike kennis, daarenteen, het egter ’n empiriese en daarom ’n meer universele en ooglopende karakter (*ibid.* 479). Anders as met geloof, wat deur die Gees in die hart van die gelowige ingeplant word, verstaan Bavinck selfkennis as ’n onbemiddelde en onmiddellike vorm van kennis. Gedeelde axiomata wat integraal deel is van die menswees van beide die gelowige en ongelowige is onderliggend aan die universele oortuiging aangaande die betroubaarheid van ons sintuie as ’n vorm van “onmiddellijk weten” (Bavinck 1904:53). Ten spyte van sy verwerping van Kantianisme, gee Bavinck daarom Immanuel Kant gelyk in soverre “hij de autonomie van het kennen en handelen des menschen uitsprak” (Bavinck 1908:64).

Bavinck (1895:70) verwerp wel enige absolute digotomie tussen geloof en kennis – dit waarvan hy Kant beskuldig – ten sterkste, maar in navolging van Kant onderskei hy tog tussen die epistemologiese aard van geloof aan die een kant en kennis aan die ander:

Wat ik weet, geloof ik; maar niet alles wat ik geloof, weet ik. Dikwerf kunnen wij het alleen zoover brengen, dat wij aantoonen, dat het niet dwaas is, de openbaring te geloven, maar wel dwaas, om het tegenoverstelde aan te nemen. Nimmer komen wij hier op aarde dus het standpunt des geloofs te boven. Eerst in den hemel ontvangt het

geloof in de kennis door aanschouwing zijn loon ... Wat wij werkelijk kennen, is gering in inhoud en klein in omvang. Kant en Comte hebben ons daarvan diep doordrongen. (Bavinck 1904:16–7, 43)

In terme van subjektiewe sekerheid sou geloof dus wel op 'n hoër vlak as wetenskaplike kennis beskou kon word (Bavinck 1903:31), maar in terme van “objectiewe evidentie staat het gelooven beneden het weten” (Bavinck 1904:45). Hierdie epistemologiese gradering van natuurlike kennis bo geloofskennis in terme van objektiewe bewysbaarheid is gebaseer in Bavinck se omhelsing van die Kantiaanse onderskeid tussen die eksterne objek van kennis en die interne voorstelling daarvan deur die menslike bewussyn (Sutanto 2018:133–4). Die mens ken alleen deur middel van voorstellings, en alhoewel God as Objek van geloofskennis oneindig is, word die teologiese epistemologie beperk deur die aard van menslike bewussyn op 'n wyse wat natuurlike kennis nie beperk word nie (Bavinck 1895:187).

Vir Bavinck het hierdie oortuiging dat natuurlike kennis 'n hoër graad van objektiewe duidelikheid as geloofskennis het, beduidende implikasies vir die owerheid se roeping ten opsigte van godsdiensbeoefening in die openbare sfeer:

Welk godsdienstig geloof het ware en zuivere is, kan door geen enkele aardsche rechtbank worden beslist. Dat moet ten slotte door ieder persoonlijk, in zijn geweten, voor God worden uitgemaakt ... subjectiewe oprechtheid is geen bewijs voor de objectiewe waarheid ... wij hebben als mensen geen recht, om elkander in zaken van godsdienst te dwingen; ieder staat en valt in dezen zijn eigen heer. Dwaling en waarheid, onkruid en tarwe blijven hier op aarde alle eeuwen door naast elkander bestaan; ze groeien samen op tot den dag des oogstes. (Bavinck 1904:94)

Hierdie epistemologiese onderskeid dien dan ook as begroning vir Bavinck se argument teen die teokratiese visie van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. As hoofouteur van *Advies inzake het Gravamen tegen Artikel XXXVI der Belydenis* wat in 1905 voor die Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland gedien het, beklemtoon hy dat insig aangaande die onderskeid tussen ware en valse godsdiens net deur die besondere leiding van die Heilige Gees aan die individuele mens geopenbaar kan word. Daarom sou dit ongeoorloof wees om hierdie taak aan die owerheid oor te laat om toe te pas in die openbare sfeer – iets wat syns insiens deur die tragiese geskiedenis van teokrasieë self bevestig word (Bavinck e.a. 1905:29–30).

By Kuyper figureer hierdie onderskeid tussen geopenbaarde geloofskennis en natuurlike kennis as epistemologiese bekragtiging vir die godsdiensvryheid selfs nog sterker. Hy skryf dat die owerheid met 'n aardse roeping begrond is in 'n natuurlike kennis van God en sy skepping as rigsnoer het in teenstelling met die “bovennatuurlijke godskennis” normatief vir die Christelike lewe (Kuyper 1879:188). Meer nog, Kuyper (1909:327) beskou nie die lig van die besondere openbaring in die Bybel as noodsaaklik vir die suiwer ontvangs van natuurlike kennis nie, maar andersom:

Dat de revelatio specialis geen ogenblik denkbaar is zonder de onderstelling der theologia naturalis, ligt eenvoudig hieraan, dat de gratia nooit één enkele nieuwe realiteit schept ... In de wedergeboorte wordt aan 's mensen wezen niet een nieuw bestanddeel, dat in de schepping buiten ons wezen lag, aan ons wezen toegevoegd.

Vir Kuyper vorm natuurlike kennis die noodsaaklike interpretatiewe raamwerk vir geopenbaarde geloofskennis. Maar eersgenoemde rus op die getuigenis van 'n onmiddellike menslike selfbewussyn, die noodsaaklike voorwaarde vir die ontvangs van geloofskennis (Kuyper 1909:341). Vir Kuyper (1909:343) is “het onmiddellijk weten” as “principium naturale” onlosmaaklik verbind met “het ontwaken van ons natuurlijk zelfbewustzijn”. Daarom distansieer Kuyper homself van Calvin se beskouing dat die Skrif die noodsaaklike raamwerk vorm vir die regte verstaan van die natuurlike openbaring (*ibid.* 329). Waar Kuyper se Calvinistiese voorgangers dus slegs sou onderskei tussen “zondig natuurleven” en “genadeleven”, voeg Kuyper 'n derde kategorie by: “leven uit de Gemeene gratie” (Kuyper 1903:661). Ook Bavinck argumenteer dat die natuurlike kennis, wat die geloofskennis in die selfbewussyn van die mens voorafgaan, bewaar word van die “verwoestende werking der zonde” deur “de genade des Heeren” tot so 'n mate dat hierdeur “onder de menscheit de instellingen van huisgezin, maatschappij en staat te handhaven” is. (Bavinck 1892:3)

Vir beide Kuyper en Bavinck gaan natuurlike kennis, epistemologies gesproke, dus geopenbaarde kennis vooraf. Die invloed van die vader van die moderne hermeneutiek, Friedrich Schleiermacher, is in hierdie opsig onmisbaar. Beide volg Schleiermacher se epistemologiese uitgangspunt dat dit die onmiddellike kognitiewe opkoms van die menslike selfbewussyn is wat alle kennis moontlik maak (Brock 2017:124, 271).

Die Neo-Calvinisme se afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis moet dan ook gesien word in die lig van hierdie oortuiging dat natuurlike kennis geloofskennis epistemologies voorafgaan. Dit behels dat eersgenoemde duideliker en met 'n groter mate van sekerheid in die menslike selfbewussyn na vore tree. Juis omdat die owerheid as instelling gewortel is in “het natuurlijk leven” en “het natuurlijk rechtsbesef” het die owerheid “dus ook geen andere dan een natuurlijke godskennis” (Kuyper 1879:100, 188). Volgens Kuyper is hierdie kennis, met uitsluiting van “bovennatuurlijke godskennis”, beide genoegsaam en alleen normatief om die owerheid daartoe te lei om in al sy handeling God te eer, God aan te roep in staatsake, die weeklikse Sabbatsrus moontlik te maak en te respekteer, bidde uit te roep na aanleiding van nasionale rampe en reg en geregtigheid te laat geskied (*ibid.* 188). Volgens Kuyper (*ibid.* 189) verteenwoordig hierdie uitgangspunt

de politieke en toch den levende God belijdende Staat der Gereformeerden of Puriteinsche volkeren, die de Staat rechtstreeks alleen op de natuurlijke godskennis bouwen; en dientengevolge de overheid in de sfeer der natuurlijke godskennis actief, maar in de sfeer der geopenbaarde godskennis slechts passief als dienaressen Gods laten optreden.

Daarteenoor stel hy nie net “[d]e godlooze Staat der liberalisten, die, èn de natuurlijke èn de geopenbaarde godskennis verwerpend, het ignoreeren van den levenden God tot leus kiest”, maar ook “[d]e theocratie ... die den Staat als Staat rechtstreeks beiden èn op de natuurlijke èn op de geopenbaarde godskennis doen rusten, en derhalve den Staat als actief bevorderaar doen optreden van het Koninkrijk Gods, gelijk b.v. in de middeleeuwen” (*ibid.* 189–190).

Kuyper begrond hierdie beskouing in sy oortuiging dat “de Staat het instituut is der Gemeene Gratie, en de Kerk het instituut der Particuliere Genade” is. Daarom dat die begroning van die staat in die algemene, eerder as die besondere genade 'n voorvereiste is vir “onafhankelijke rechtsspraak” in ooreenstemming met die natuurreg waardeur God oor alle mense, beide gelowiges en ongelowiges, heers (Kuyper 1904:16, 20, 134). Nogtans, in lyn met sy belydenis

van Christus se heerskappy oor elke faset van die lewe, argumenteer Kuyper dat gelowiges, met geloofskennis bekom deur besondere genade, 'n positiewe en heiligmakende invloed kan uitoefen op die samelewing om sodoende die algemene genade te lei tot sy hoogste ontwikkeling. Volgens sy Neo-Calvinistiese beskouing moet

onomwonde worden erkent, dat een Christelijke natie, een Christelijk land, een Christelijke staat en zooveel meer, niet anders beteekenen, dan in het leven van deze natie, van dat land, van dezen Staat, gelijk het voortleeft onder de Gemeene gratie, dank zij het optreden der kerk, is ingedrongen de machtige factor der Particuliere genade, en dat dank zij het indringen van dezen factor de ontwikkeling der Gemeene gratie bij dit volk, land of Staat is afgedrukt ... niet in den zin, alsof het door eenigen uitwendigen band aan een bepaalde geloofsbelydenis gebonden ware, maar zóó dat het verwantschap zal toonen met de beginselen, den gedachtengang en de inzichten, die door een bepaalde belydenis ondersteld worden of op den voorgrond zijn geschoven. (Kuyper 1903:662–3)

Christelike deelname aan die openbare lewe tot eer van God is dus wat 'n Christelike samelewing – wat Kuyper voorstaan – onderskei van 'n nie-Christelike samelewing – waarteen hy gekant is. Dit behels dus nie die onderwerping van die owerheid aan die Wet van God geopenbaar in die Skrif nie, maar eerder die heiliging van die sosiale orde by wyse van die positiewe inwerking van die besondere genade op die algemene genade. Nogtans het Kuyper se idee, naamlik dat die natuurreg, bemiddel deur die algemene genade, voldoende is om die owerheid daartoe te lei om selfs bepalinge van die eerste tafel van die dekalooq te handhaaf, soos byvoorbeeld die Sabbatsgebod, natuurlik ernstige vrae opgeroep onder sy teenstanders. Die vernaamste tydgenoot van Kuyper en Bavinck wat hom ten gunste van die behoud van die streng teokratiese frase van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitgespreek het, was Philippus Jakobus Hoedemaker (1839–1910), die voormalige professor in Wysbegeerte en dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Vrije Universiteit Amsterdam (Harinck 2009:15).⁸ Hy het geargumenteer dat die natuurreg op sigself onvoldoende gronde is vir die owerheid om die Sondagsheiliging van Christene te bevorder:

Het veroorloofd den Christen op den Zondag te rusten, met hetzelfde recht, waarmede de Joden hunne stem op dienzelfden dag liefst in de nabijheid van de Zondagscholen en bij de ingang der kerkgebouwen luidkeels verheffen, om hunne kleine koopwaren te venten. (Hoedemaker 1901:157)

Dit was juis vanweë sy afkeur van die Neo-Calvinisme dat Hoedemaker in 1887 bedank het by die Vrije Universiteit (Van Wyk 1990:503). Hy het met name ook Kuyper se breuk met die Nederlandse Hervormde Kerk veroordeel op grond van sy oortuiging dat die kerk nie bloot gereduseer moet word tot bepaalde groepering of party in die samelewing nie, maar 'n geestelike tuiste moet bied aan die hele Nederlandse volk as verbondsgemeenskap (*ibid.* 506). Hoedemaker het 'n verbondsmatige, in teenstelling met 'n kontraktuele, verstaan van die kerk as instelling voorgestaan op grond van sy beskouing dat kerklidmaatskap eerder in die doop as die belydenis van geloof gegrond is. Die kerk, as verbondsmatige instelling, het daarom 'n verantwoordelikheid om die hele volk as verbondsgemeenskap te bedien en op te roep tot verootmoediging (Hoedemaker 1897a:6, 10).

Ook in Suid-Afrika sou daar vanuit die geleedere van die Nederduitsch Hervormde Kerk kritiek op beide die Neo-Calvinisme se kerkbeskouing sowel as haar verstaan van artikel 36 van die

Nederlandse Geloofsbelydenis na vore tree. In 1937 het ds. J.G.M. Dreyer die Neo-Calvinisme daarvan beskuldig dat dit die gesonde verhouding tussen kerk en staat versteur. Hy meen dat die Neo-Calvinistiese afwysing van die oorspronklike bewoording van artikel 36 impliseer dat daar van die owerheid verwag word om 'n neutrale posisie met betrekking tot God se Woord in te neem – iets wat teenstrydig sou wees met die heerskappy van Christus (Dreyer 1937:142). Dreyer verstaan dan ook dat hierdie beskouing bepaalde epistemologiese implikasies het: Dit verskuif die uiteindelijke gesag van God na die mens self (*ibid.* 143). Daarom het Nederduits Hervormde teoloë dan ook gepleit vir byvoorbeeld Christelike staatsonderwys in die staatskole en staatsuniversiteite, terwyl hulle gekant was teen privaat Christelike onderwys (Dreyer 1949:8). Ook die Nederduitsch Hervormde kerkhistorikus S.P. Engelbrecht (1941:103–4) was van mening dat die Neo-Calvinistiese beskouing die kerk en die staat se wedersydse verpligting teenoor mekaar misken.⁹

Hoedemaker sowel as Dreyer se kritiek op Kuyper se hersiening van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is waardevol in soverre dit lig werp op die epistemologiese begroning van laasgenoemde se beskouing. Hoedemaker beweer dat Kuyper se pluralisme daarop sou neerkom dat Christus in die openbare sfeer gelykgestel sou word met ander gode – iets wat teenstrydig is met Kuyper se eie belydenis aangaande Christus se heerskappy oor elke faset van die lewe (Hoedemaker 1897b:34). Vir Hoedemaker het die idee dat algemene genade vir die owerheid en besondere genade vir die kerk leidend moet wees, neergekom op 'n epistemologiese probleem: Dit was begroot in wat hy beskou het as 'n valse teenstelling tussen geopenbaarde en natuurlike kennis (Hoedemaker 1886:30). Om hierdie rede moet die geopenbaarde wil van God die morele rigsnoer ook vir die burgerlike regering wees, aangesien natuurlike kennis nooit in stryd met geopenbaarde kennis kan wees nie (*ibid.* 31). Gevolglik wys hy dan ook Kant en Schleiermacher se oortuiging dat praktyk en rede normatief in die openbare sfeer moet wees, ten sterkste af (Hoedemaker 1871:4). Vir Hoedemaker, anders as by Bavinck en Kuyper, is daar geen sprake van 'n onbemiddelde en onmiddellike aanvanklike kennis in die Kantiaanse sin as dit kom by die menslike selfbewussyn nie. Intendeel, vir hom veronderstel die opkoms van die selfbewussyn as sulks die bestaan van iets buite die selfbewussyn, wat die idee van onbemiddelde kennis onmoontlik maak (Hoedemaker 1867:134, 136).

Dus, waar Kuyper en Bavinck 'n onmiddellike natuurlike kennis as gemeenskaplike grond tussen gelowiges en ongelowiges beskou vanweë die universele en duidelike aard van hierdie kennis in die menslike selfbewussyn (Bavinck 1904:45; Kuyper 1909:343), beklemtoon Hoedemaker die feit dat die mens, as geskape wese, net selfbewus word binne die konteks van gegewe en geopenbaarde realiteite buite hom- of haarself. Vir Hoedemaker is alle menslike kennis onlosmaaklik van die openbaring. Daar is geen feit in die heelal wat nie bemiddel word deur goddelike openbaring nie, aangesien alles volkome afhanklik is van 'n Goddelike Energie as uiteindelijke eerste oorsaak (Hoedemaker 1871:15). Met ander woorde, aangesien God die enigste volkome onafhanklike Realiteit en enigste Realiteit sonder enige oorsaak is, is alle realiteite buiten Godself noodwendig die openbaring van God se wil (Hoedemaker 1867:147). Wanneer dit daarom by die taak van die owerheid kom, kan daar geen natuurlike kennis wees wat, in teenstelling tot die besondere openbaring in die Bybel, normatief vir die owerheid geag kan word nie, aangesien openbaring in natuur, geskiedenis en Skrif altyd en in elke opsig 'n onlosmaaklike harmonie vorm (Hoedemaker 1897b:15–6).

Hierdie kritiek werp dus lig op die noemenswaardige rol wat die Neo-Calvinistiese epistemologiese onderskeid tussen natuurlike kennis en geloofskennis gespeel het in hierdie beweging se afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

5. Gevolgtrekking

Die Neo-Calvinistiese benadering tot artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verteenwoordig ongetwyfeld 'n radikale breuk met die teokratiese inslag van hul Gereformeerde voorgangers. Waar de Brès, die outeur van die belydenisskrif, die Sinode van Dordrecht, asook die mees prominente verteenwoordigers van die Nadere Reformasie, soos à Brakel, 'n beduidende standpunt teen die vergunning van godsdiensvryheid ingeneem het, is Kuyper en Bavinck voorstanders van wat beskryf kan word as 'n Christelike of beginselgebaseerde pluralisme in die openbare sfeer. Dit behels dat vir hulle die owerheid nie, soos die oorspronklike teks van artikel 36 bepleit, 'n plig het om afgodsdienste uit te roei en uitsluitlik aan die Christelike godsdiens volkome vryheid in die openbare sfeer te gun nie.

Hierdie beginselgebaseerde pluralisme binne die Neo-Calvinisme is egter nie begrond op 'n Twee-Koninkryke-leer waarvolgens Christus se heerskappy verdeel sou word tussen 'n geestelike en 'n natuurlike koninkryk nie. Inteendeel, beide Kuyper en Bavinck beklemtoon onomwonde dat Christus deur beide sy Woord en Gees in elke faset van die menslike bestaan aktief regeer en dat sy koninkryk elke aspek van die lewe omvat. Die verskil tussen die kerklike sfeer en die openbare sfeer lê in die praktiese middels waardeur Christus sy heerskappy laat geld: die besondere genade in die kerklike en geloofslêwe, en die algemene genade in die openbare of sosio-politieke lewe. Terwyl die besondere genade begrond is in geloofskennis bemiddel deur die werking van die Heilige Gees in die menslike siel, is die algemene genade begrond in natuurlike kennis soos dit op organiese wyse opkom in die menslike bewussyn, met name by wyse van sintuiglike waarnemings. Nogtans beklemtoon Kuyper dat die besondere genade 'n heiligmakende rol behoort te speel in die openbare en politieke "lewen uit de Gemeene gratie", waarmee die Neo-Calvinistiese afwysing van die onderskeid tussen 'n natuurlike en geestelike koninkryk beklemtoon word (Kuyper 1903:661). Hierdie idee van lewe in die algemene genade is egter inderwaarheid 'n uitvindsel van Kuyper en myns insiens 'n bewuste afwyking van die ortodokse Calvinisme – 'n uitvindsel wat ten doel het om sy pragmatiese pluralisme en dan ook by uitstek sy afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te ondersteun.

Op sigself is die onderskeid tussen die besondere openbaring en die natuurlike openbaring egter natuurlik nie iets eie aan die Neo-Calvinisme nie. Dit is reeds terug te vind by beide de Brès en Calvyn, maar vir hulle is die natuurlike openbaring egter nie iets wat die mens tot presiese kennis van allerhande aspekte van die werklikheid lei nie, maar 'n openbaring van God in die natuur is genoegsaam om die mens sonder verskoning te laat om nie in God se besondere openbaring te glo nie. In artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die besondere openbaring in die Skrif immers pertinent as "duideliker" as die algemene openbaring beskryf. Daarom kan die besondere openbaring alleen deur 'n bepaalde epistemologiese inkonsekwentheid, bewerk deur die verblindings van die sonde, verwerp word (Van Vliet 2014:11). Verder kan die algemene openbaring, vir beide de Brès en veral Calvyn, nooit los van die besondere openbaring verstaan word nie (Brouwer 2013:34). Wat die Neo-Calvinisme se benadering tot hierdie onderskeid daarom uniek maak, is die beklemtoning van natuurlike kennis as meer

objektief en universeel ooglopend vir beide gelowiges en ongelowiges as gemeenskaplike vorm van kennis. Hierdie natuurlike kennis beskik dan ook oor 'n hoër vlak van epistemologiese sekerheid en objektiewe duidelikheid as geloofskennis, wat weens die subjektiewe aard daarvan nie geskik is om as normatiewe rigsnoer vir die owerheid te dien nie (Kuyper 1879:100; Bavinck 1904:104). Dit is beduidend anders as byvoorbeeld Calvyn (1559:I, III, 3) se uitgangspunt dat as dit nie vir die sonde was nie, alle mense met dieselfde natuurlike spontaniteit en sekerheid in die Bybelse openbaring as in enige sintuiglike waarnemings sou glo, en dat natuurlike openbaring daarom nie op sigself duideliker is nie. Hierdie teenstelling met Calvyn word beklemtoon deur die feit dat Kuyper juis natuurlike kennis as die noodsaaklike epistemologiese raamwerk sien vir die ontvangs van die Goddelike openbaring, eerder as andersom (Kuyper 1909:341). Hieruit ontwikkel hy dan ook sy leer aangaande die algemene genade waarin die owerheid sy bestaansreg onder God vind (Kuyper 1904:16).

Dit was juis hierdie epistemologiese teenstelling tussen geopenbaarde en natuurlike kennis, kenmerkend van die Neo-Calvinisme, wat vir Bavinck en Kuyper die deurslaggewende rol gespeel het in hul afwysing van die teokratiese inslag van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die praktiese realiteit van toenemende sekularisasie kenmerkend van hul tyd het sekerlik 'n belangrike rol in hul oorwegings gespeel. Nogtans beskou hulle die werklikheid en wese van die menslike samelewing as van so 'n aard dat dit ongeoorloof sou wees om die Bybelse openbaring as uiteindelijke rigsnoer vir die openbare lewe te handhaaf tot so 'n mate dat ander godsdienstige oortuigings daardeur uitgesluit sou word. Dit sou immers epistemologies gesproke onjuis wees, aangesien die besondere openbaring 'n minder onmiddellike, objektiewe of ooglopende karakter het. Gevolglik benadruk beide dat die streng toepassing daarvan op die openbare lewe, met gepaardgaande beperkings op godsdiensvryheid, noodwendig op owerheidstirannie uitloop.

Bibliografie

à Brakel, W. 1985 (1700). *Redelijke godsdienst*. Utrecht: De Banier.

Aniol, S. 2015. *By the rivers of Babylon: Worship in a post-Christian culture*. Grand Rapids, MI: Kregel.

Bavinck, H. 1888. *De katholiciteit van Christendom en kerk: Rede bij de overdracht van het rectoraat aan de Theologische School te Kampen, op 18 Dec 1888*. Kampen: Zalsman.

—. 1892. Welke algemeene beginselen beheerschen, volgens de H. Schrift, de oplossing der sociale quaestie, en welke vingerwijzing voor de oplossing ligt in de concrete toepassing, welke deze beginselen voor Israel in Mozaïsch recht gevonden hebben? *Proces-verbaal van het Sociaal Congres, gehouden te Amsterdam den 9, 10, 11, 12 November 1891*. Amsterdam: Hövecker & Wormser.

—. 1895. *Gereformeerde dogmatiek, eerste deel*. Kampen: J.H. Bos.

—. 1897. *Gereformeerde dogmatiek, tweede deel*. Kampen: J.H. Bos.

—. 1903. *De zekerheid des geloofs*. Kampen: Kok.

- . 1904. *Christelike wetenskap*. Kampen: Kok.
- . 1908. *Wijsbegeerte der openbaring*. Kampen: Kok.
- . 1913. *Handleiding bij het onderwijs in den Christelijken godsdienst*. Kampen: Kok.
- Bavinck, H., T. Bos, M. De Jonge, H.H. Kuyper, A. Littoouy, A.F. de Savornin Lohman en T. Tromp. 1905. *Advies inzake het Gravamen tegen Artikel XXXVI der Belijdenis*. Amsterdam: Höveker & Wormser.
- Bolt, J. 2013. Herman Bavinck on Natural Law and Two Kingdoms: Some further reflections. *The Bavinck Review*, 4:64–93.
- Bor, P.C. 1681. *Oorspronck, begin, en vervolg der Nederlandsche oorlogen, beroerten en borgerlyke oneenigheden. Historie der Nederlandsche oorlogen onpartydiglyk beschreven, deel drie*. Amsterdam: Boom.
- Bratt, J.D. 1984. *Dutch Calvinism in modern America: A history of a conservative subculture*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Breshears, J.D. 2017. *Introduction to bibliology: What every Christian should know about the origins, composition, inspiration, interpretation, canonization and transmission of the Bible*. Eugene, OR: Wipf & Stock.
- Brock, C.C. 2017. Orthodox yet modern: Herman Bavinck's appropriation of Schleiermacher. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Edinburgh.
- Brouwer, R.R. 2013. The Two Means of Knowing God: Not an article of Confession for Calvin. In Van der Belt (red.) 2013.
- Calvyn, J. 1559. *Institutio Christianae religionis*. Genève: Robert Estienne.
- de Brès, G. 1850. *La confession de la foi Belge*. Brussels: Société Évangélique Belge.
- Dreyer, J. (red.). 1937. *Almanak van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika 1937, Jaargang 31*. Pretoria: Algemene Vergadering van die Nederduits Hervormde Kerk.
- . 1949. Christelik Nasionale Onderwys. *Die Hervormer* 41(7):1–9.
- Dreyer, J.G.M. 1937. Doleansie vrugte, in J. Dreyer (red.).
- Engelbrecht, S.P. 1941. Die Ned. Hervormde Kerk en die politiek, in S.P. Engelbrecht (red.).
- . (red.). 1941. *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1941, Jaargang 35*. Pretoria: Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
- Fourie, P. 2006. Godsdiensvryheid in die ban van NGB Art 36: Seën of vloek? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 47(1–2):157–72.
-

- Gladius, B. 1860. *Geschiedenis der Nationale Synode, in 1618 en 1619 gehouden te Dordrecht, in hare voorgeschiedenis, handelingen en gevolgen*. Leiden: Engels.
- Goudzwaard, B. 2011. The principle of sphere-sovereignty in a time of globalisation. *Koers*, 76(2):357–72.
- Harinck, G. 2009. *Mijn reis was geboden: Abraham Kuypers Amerikaanse tournee*. Hilversum: Verloren.
- Hoedemaker, P.J. 1867. *Het probleem der Vrijheid en het theïstisch godsbegrip*. Amsterdam: Höveker.
- . 1871. *Het feit en de geschiedenis der openbaring: Eene voorlezing*. Amsterdam: Höveker.
- . 1886. *Handboek voor het onderwijs in het Oude Testament ten dienste van het catechisatie, het huisgezin en de Zondagschool*. Amsterdam: Höveker.
- . 1897a. *Heel de kerk en heel de volk! Een protest tegen het optreden der Gereformeerden als partij, en een woord van afscheid aan de Confessionele Vereeniging*. Kampen: Sneek.
- . 1897b. *Nationaal niet clericaal*. Kampen: Sneek.
- . 1901. *Vragen van de dag in het licht van Gods Woord*. Amsterdam: Van Dam.
- Janse, M. 2012. “Vereeniging en verlangen om vereenigd te werken” – Réveil and Civil Society. In Van Lieburg (red.) 2012.
- Jonker, W. 1994. *Bevrydende waarheid*. Wellington: Hugonote Uitgewers.
- Krabbendam, H. 2006. *Vrijheid in het verschiet: Nederlandse emigratie naar Amerika 1840–1940*. Hilversum: Verloren.
- Krijger, T.E. 2019. *The eclipse of Liberal Protestantism in the Netherlands: Religious, social and international perspectives on the Dutch Modernist Movement*. Leiden: Brill.
- Kuipers, T. 2011. *Abraham Kuiper: An annotated bibliography 1857–2010*. Leiden: Brill.
- Kuiper, A. 1873. *Vrijheid: Rede ter bevestiging van Dr. Ph.S. van Ronkel*. Amsterdam: De Hoogh.
- . 1879. “*Ons program*”. Amsterdam: Kruyt.
- . 1880. *Souvereiniteit in eigen kring: Rede ter inwijding van de Vrije Universiteit*. Amsterdam: Kruyt.
- . 1889. *Eer is teer: Tegen Mr. W.H. Beauforts*. Amsterdam: Wormser.
- . 1894. *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid: bijzonder deel*. Amsterdam: Wormser.
-

- . 1903. *De gemeene gratie, tweede deel: Het leerstellig gedeelte*. Amsterdam: Wormser.
- . 1904. *De gemeene gratie, derde deel: Het practische gedeelte*. Amsterdam: Wormser.
- . 1909. *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid, tweede deel: Algemeen deel*. Kampen: Kok.
- . 1911. *Pro rege of het koningschap van Christus, eerste deel*. Kampen: Kok.

Langner, D.J. 2004. Teen die hele wêreld vry: J.D. Vorster as 'n Neo-Calvinis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1935–1980. Doktorale Proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Larson, M.J. 2015. *Abraham Kuyper, conservatism, and the church and state*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

Pelletier, J. 2013. *William Ockham on Metaphysics: The Science of Being and of God*. Leiden: Brill.

Plaatjies van der Huffel, M.A. 2011. Die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1881–1915). *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 52(1–2):194–203.

Potgieter, J.D. 2006. Godsdienstvryheid in die huidige onderwysbeleid in Suid-Afrika: 'n Christelik-etiese beoordeling. MA-verhandeling, Noordwes Universiteit.

Schilder, K. 1962. *De Kerk*. Kampen: Kok.

Strauss, P.J. 2021. Kerk en burgerlike owerheid: Die Nederlandse Geloofsbelydenis in drie kerkordes. *HTS Teologiese Studies*, 77(4):a6237. <https://doi.org/10.4102/hts.v77i4.6237>

Strauss, S.A. 1985. Oriënterende opmerkings oor artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. *Verbum et Ecclesia*, 6(2):167–79.

Sutanto, N. 2018. Herman Bavinck and Thomas Reid on perception and knowing God. *Harvard Theological Review*, 111(1):115–34.

Te Velde, M. en G.H. Visscher (reds.). 2014. *Correctly handling the Word of Truth: Reformed Hermeneutics Today*. Eugene, OR: Wipf & Stock.

VanDrunen, D. 2007. Abraham Kuyper and the Reformed Natural Law and Two Kingdoms traditions. *Calvin Theological Journal*, 42(2):283–307.

—. 2010. *Natural Law and the Two Kingdoms: A Study in the Development of Reformed Social Thought*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Van der Belt, H. (red.). 2013. *Restoration through Redemption: John Calvin Revisited*. Leiden: Brill.

—. 2017. Herman Bavinck's Lectures on the Certainty of Faith (1891). *The Bavinck Review*, 8:35–63.

Van Dyke, H. 1975. *Lectures Eight and Nine from Unbelief and Revolution*. Amsterdam: Groen van Prinsterer Fund.

Van Lieburg, F. (red.). 2012. *Opwekking van de natie: Het protestantse Réveil in Nederland*. Hilversum: Verloren.

Van Vliet, J. 2014. The two books debate: What if Scripture and science seem to say different things? In Te Velde en Visscher (reds.) 2014.

Van Wyk, D. 1990. PJ Hoedemaker: 'Wat ék bedoel, is die behoud van die kerk'. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 46(4):497–512.

Vorster, J.M. 1993. Godsdienstvryheid in 'n toekomstige Suid-Afrika in die lig van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. *In die Skriflig*, 27(3):307–21.

Eindnotas

¹ In die oorspronklike Frans: "pour ôter et ruiner toute idolâtrie et faux service de Dieu; pour détruire le royaume de l'antéchrist et avancer le royaume de Jésus-Christ."

² Kuyper en Bavinck word wyd beskou as die vaders van die Neo-Calvinisme, 'n laat negentiende- en twintigste-eeuse beweging gewy aan die hertoepassing van ortodokse Calvinistiese beginsels as teenvoeter vir filosofiese, politieke en godsdienstige liberalisme binne die konteks van 'n moderne Westerse samelewing in die nadraai van die Verligting (Krijger 2019:142).

³ Die woord *teonomie* is saamgestel uit die Griekse woorde *Theos* (God) en *nomos* (wet).

⁴ Vir Kuyper was dit duidelik dat geen sfeer of kring van die lewe kan bestaan in afsondering van 'n sentrale spil nie. Die differensiasie tussen die verskillende lewenskringe het dan ook by uitstek te make met die gesag van God oor elke faset van die lewe. Juis omdat elke lewenskring onder God staan, word dit van ander onderskei sodat dit nie deur enige ander kring wederregtelik gedomineer of oorweldig word nie. Dit sou daarop neerkom dat daar 'n intermediêre menslike gesag tussen 'n lewenskring en die heerskappy van Christus kom – iets wat Kuyper ten sterkste afgewys het (Goudzwaard 2011:363). Die beginsel het dus by uitstek te make met die handhawing van goddelike gesag oor elke faset van die lewe, en die ontwikkeling van elke lewensfeer na een gemeenskaplike teleologiese eindpunt, naamlik die verheerliking van Christus (Aniol 2015:66).

⁵ Later in die twintigste eeu sou prominente figure binne die Neo-Calvinistiese tradisie, soos die filosoof Herman Dooyeweerd, die volkome weglating van artikel 36 uit die Nederlandse Geloofsbelydenis bepleit op grond van sy argument dat daar in die konteks van 'n kerklike belydenis streng gesproke nie plek is vir 'n politieke leerstuk nie, maar so 'n gedagte was

baie ver verwyderd van die oorspronklike Neo-Calvinistiese idees van Kuiper en Bavinck (Strauss 2021:5).

⁶ Die Kuiperiaanse onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk sou later deur Dooyeweerd en Van Vollenhoven gebruik word in hul ontwikkeling van die begrip “soewereiniteit in eie kring”, wat dan sou noodsaak dat die kerk as instituut op gelyke voet met elke ander samelewingsverband beskou word en as sodanig ’n begrensde funksie het ten opsigte van alle ander samelewingsverbande (Potgieter 2006:46–7). Hierdie Kuiperiaanse beskouing sou wel later bekritiseer word deur byvoorbeeld die invloedrykste teoloog in die *Vrijgemaakte* Gereformeerde tradisie in Nederland, Klaas Schilder. Hy skryf “heiligheid werd door Kuiper losgemaakt van de zichtbaarheid ... [maar] we moeten erop letten, dat eenheid en heiligheid beide attributen zijn van de ene kerk. Heiligheid betekent nooit, dat men van de zonde af is, maar wel dit, dat men zich afscheidt en z’n leven stelt onder de tucht van Gods ‘pneuma’ (spiritualer) al zal dat pas volkomen zijn in de jongste dag.” Verder skryf hy dat, in teenstelling met Kuiper wat “de éénheid in het zichtbare aan de kerk ontzegt ... éénheid eist, dat wij zoeken naar een instituut, dat alles omvat. Als men de kant van Kuiper uitgaat, verliest men het streven naar de oecumenische en zuivere kerk.” (Schilder 1962:50).

⁷ Die Nominalisme was ’n middeleeuse reaksie teen Aristoteliaanse realisme wat geassosieer word met die skolastieke filosoof William Ockham (1287–1347). Ockham het naamlik alle kategoriese universalis gesien as bloot name of *nomina* van individuele, konkrete dinge wat dan die enigste werklike realiteit is. Daar bestaan dus nie in werklikheid kategorieë van dinge met ’n gemeenskaplike natuur nie, en kategorisering vind alleenlik plaas in die menslike verstand (Pelletier 2013:277). Kuiper se gelykstelling van ’n miskening van die onsigbare kerk met nominalisme kan dus verklaar word in die lig van die feit dat hy die miskening van die universele karakter van die kerk as ’n noodwendige gevolg daarvan sien.

⁸ Die reikwydte van Hoedemaker se invloed in die laat negentiende eeu word beklemtoon deur die feit dat in die Amerikaanse pers se beriggewing aangaande die stigting van die Vrije Universiteit Amsterdam in 1880, hy meer prominent gefigureer het as Kuiper self (Harinck 2009:15).

⁹ Aan die ander kant het voorstanders van die kerkregtelike beginsels agter die Doleansie hulle beroep op die Dordtse Kerkorde van 1619 se beklemtoning van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as volledig Kerk van Christus. In teenstelling met byvoorbeeld die tradisionele Nederduits Hervormde idee dat die hele volk gedoop moet word en so ingelyf moet word by die nasionale kerk, het die Doleansie-kerkreg elke gemeente se karakter as plaaslike sigbaarwording van die liggaam van Christus op ’n bepaalde tyd en plek beklemtoon (Plaatjies van der Huffel 2011:195). B.B. Keet, as vroeë twintigste-eeuse eksponent van die Neo-Calvinistiese kerkreg in die Nederduits Gereformeerde Kerk het dan ook die kerkverband as vrywillige vereniging van plaaslike gemeentes, eerder as gedoopte verbondsgemeenskap, beskou (Langner 2004:86).